Weekbrief 18/2019

31 Mei 2019

GESTIG 1870

HOËRSKOOL PORTERVILLE

Posbus 22, PORTERVILLE, 6810
TEL: 022 9312174 FAKS: 022 9313321 EPOS: sekretaresse@porterhs.co.za

JUNIE EKSAMEN

Gr. 4-12 leerders is besig met die eksamen.

Die eksamen vir Gr. 7-12 leerders eindig Maandag, 10 Junie.
Die eksamen vir Gr. 4-6 leerders eindig Vrydag, 7 Junie.

Afrikaans V3 en Engels V3 vir 3de en 4de kwartaal se vraestelle word op Woensdag, 12 Junie & Donderdag, 13 Junie afgelê vir SBA punte.

Indien 'n leerder 'n vak/gedeelte van 'n vak nie skryf nie, moet sodanige leerder 'n mediese sertifikaat inhandig by vakopvoeder. Alleenlik dan eers sal 'n leerder vrygestel kan word van die skryf van die betrokke vak.

Die skool verleen NIE TOESTEMMING dat leerders op dae wat hul nie eksamen skryf nie, by die huis mag bly nie.

Daar sal geen sport in die 1ste week plaasvind nie. Daar sal **geen saalbyeenkomste** gedurende die **eksamen** wees nie. Daar sal **geen rekenaargeletterdheidsklasse** wees gedurende die **eksamen** nie.

Skooltye gedurende die eksamen:	08:00 - 13:00
Middagetes by Koshuis	13:05
Rugby & Netbaloefeninge (sal gereël word deur spesifieke afrigters.	
Dinsdae & Donderdae	08:15 - 09:15
Koor:	
Maandae/Woensdae/Vrydae	08:05 - 09:00
1ste Pouse	
Maandae & Woensdae	09:55 - 10:15
Dinsdae/Donderdae/Vrydae	09:40 - 10:00
2de Pouse	
Maandae & Woensdae	11:30 - 11:45

WCSN Top Skole Kompetisie

Hoërskool Porterville is trots op hul 1e netbalspan wat vanjaar aan die Wes-Kaap Skole Netbal se Top Skole Kompetisie gaan deelneem. Die kompetsie vind Saterdag, 1 Junie 2019 by HS De Kuilen plaas. Dit is 'n puik prestasie vir ons grootte skool.
Sterkte vir die wedstryde môre en dankie dat die Top 10 ons skool se leuse "Op die Voorpunt" gestand doen.

Mag hulle 'n wonderlike ervaring beleef!